HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

JUNIE NOVEMBER EKSAMEN 2015

GRAAD 9

PUNTE : 90

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :

   AFDELING A: BEGRIPSTOETSE (40)

   AFDELING B: STELWERK (50)

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE***

AFDELING A: LEESBEGRIP

Lees die volgende stuk noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Lettie het die hele môre by haar niggie,Kobie,gekuier.Hulle het rekenaar-speletjies gespeel en op die manier het die môre aangenaam verbygevlieg.Toe die klokkie lui vir middagete,kon hulle dit byna nie glo nie.Terwyl hulle aan tafel sit,vra Kobie se moeder:"Wat gaan julle tweetjies vanmiddag doen?"Ek weet nie ,Tante,"antwoord Lettie."Miskien sal ons swembad toe gaan."

Kom ons gaan dan liewer fliek toe,"stel Kobie voor."As julle wil, gaan moet julle gou maak.Dit is al baie laat,"sê Lettie se tante."Ons sal nie wag vir die bus nie,"antwoord Kobie."Met ons fietse sal ons baie gouer daar kan kom."

Die twee meisies het haastig klaar geëet en ander klere aangetrek. Toe spring hulle op hulle fietse en ry stad toe. Na 'n rukkie kyk Lettie op haar oorlosie en sê:"Jy moet vinniger trap,Kobie.Dis al vreeslik laat".Die twee meisies buk laag oor hulle fietse en trap so al wat hulle kan. Dit lyk of die twee reisies jaag.

Net toe hulle oor 'n straat wou ry,kom daar skielik 'n motor om die hoek.Die motor het so vinnig gery dat hy nie gou genoeg kon stop nie.Hy ry teen die twee fietse vas en stamp albei om.Die meisies val af en bly op die grond lê.

Binne 'n paar oomblikke is daar 'n hele klomp mense om hulle. 'n Paar het gehelp om die twee meisies na die motor te dra.Die man wat hulle omgery het,het hulle dadelik na die hospitaal toe geneem.Gelukkig was daar 'n dokter wat na hulle kon kyk.Hoewel Lettie se klere en knieë stukkend was ,het sy nie baie seergekry nie.Maar die arme Kobie het sleg gelyk.Sy het 'n groot gat in haar kop gehad en haar een vinger was byna af.Die dokter het gesê dat sy 'n week of langer in die hospitaal sal moet bly.

Kobie se ouers,familie en vriende het dikwels vir haar in hospitaal kom kuier. Hulle het vir haar blomme,boeke en lekkers gebring.Die verpleegsters was baie vriendelik en het alles vir haar gedoen.Tien dae na die ongeluk is Kobie weer huis toe.'n Paar dae later het sy vir die verpleegsters 'n lekker koek gebak.Die man wat die twee meisies omgery het,was vreeslik jammer.Hy het vir alles in die hospitaal betaal en hy het vir elkeen 'n nuwe fiets present gegee.

VRAE:

1.1 Watter woord sê vir jou dat die oggend vinnig omgegaan het? 1

1.2 Watter woord dui aan dat die meisies na 'n rolprent wou gaan kyk? 1

1.3 Hoe het die meisies geweet hulle moes gaan eet? 1

1.4 Wat het Lettie eers gedink gaan hulle doen? 1

1.5 Hoekom het die meisies besluit om met hulle fietse te ry? 1

1.6 Noem twee dinge wat die meisies eers moes doen voordat hulle kon vertrek? 2

1.7 Watter geskenk het Kobie in die hospitaal gekry? Noem drie. 3

1.8 Noem twee dinge wat die man gedoen het om te wys hy is jammer oor die ongeluk? 2

1.9 Sê of die volgende stellings waar of onwaar is. Haal aan om jou antwoord te bewys.

1.9.1 Niemand het die meisies gehelp na die ongeluk nie. 2

1.9.2 Lettie is ernstig beseer. 2

1.9.3 Kobie het die hospitaal gehaat. 2

1.9.4 Die polisie het hulle hospitaal toe geneem. 2

1.10 Hoe lank moes Kobie in die hospitaal bly? Haal 2 woorde as antwoord aan. 1

**1.11** Pas die woorde in kolom B by die stellings in kolom A.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| **1.11.1** Lettie en Kobie | A. Hulle vervoer |
| 1.11.2 Fietse | B. Kobie |
| **1.11.3** Bak 'n lekker koek | C. Lettie |
| | D. Niggies |

3

**1.12** Wat was die twee meisies se gunsteling speletjie ? 1

(25)

## VRAAG 2 : ADVERTENSIE.

Lees die volgende advertensie noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.




VRAE:

2.1 Hoe werk Sweet Dreams Kidz op 'n mens se vel? Haal een woord aan. 1

2.2 Wie het die produk goedgekeur? Gee twee opeenvolgende woorde . 1

2.3 Soek 'n woord wat "jong kinders" beteken. 1

2.4 Wie is die "hulle" in die advertensie se kop? ( die reël heel bo) 1

2.5 Pas die prentjie by die advertensie se kop? Sê Ja/Nee.Gee 'n rede vir jou antwoord. 2

2.6 Waarom , sê die advertensie,is hierdie produk goed vir kinders? Noem 2 dinge. 2

2.7 Is die volgende stellings Waar/Onwaar? Gee 'n rede vir jou antwoord deur aan te haal.

a.Hierdie produk jaag vlieë weg. 2

b. Sweet Dreams is goed vir ou en jong velle. 2

2.8 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.

Die kinders is soos_____________________aangetrek.

a. Batman
b. Spiderman
c. Superman
d. Hulk 1

2.9 Gee 2 redes hoekom die moeders hierdie produk vir hulle kinders wil koop. 2

TOTAAL VIR AFDELING A:40 (15)

Afdeling B

VRAAG 1: Lang Transaksionele Teks

Kies EEN van die volgende onderwerpe.Jou skryfstuk moet 120-150 woorde lank wees. Jy moet dit eers beplan,'n eerste poging skryf en dan 'n finale poging skryf. Skryf die getal woorde onderaan die stuk neer.

a) Skryf 'n brief aan jou vriend en vertel hom/haar van 'n nare insident wat gebeur het en wat jy nooit sal vergeet nie. (30)

OF

b) Jy en jou maat gesels oor 'n heldedaad wat jy gedoen het.Skryf die gesprek in dialoogvorm neer. (30)

VRAAG 2: Kort Transaksionele Teks.

Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde oor die onderwerp. Jy moet die stuk eers beplan,'n eerste poging en dan moet jy 'n finale poging skryf. Skryf die getal woorde onderaan die stuk neer. Dan 'n finale poging skryf. Skryf die getal woorde onderaan die stuk neer.

a) Skryf 'n e-pos aan jou maat en vertel hom/haar van jou wonderlike vakansie wat jy onlangs gehad het. (20)

OF

b)Maak 'n dagboek inskrywing van jou wonderlike sporttoer waarop jy gegaan het. Vertel van die wedstryd en wat julle alles op die toer gedoen het.(20)

Totaal vir Afdeling B: 50

Somtotaal: 90